

**5 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 3:1-6**

**Fokusgedeelte: Openbaring 3:1**

### **Jesus Christus het die sewe Geeste van God**

Die gemeente in Sardis het 'n tragiese beeld vertoon: Hulle het gelyk of hulle 'n lewende gemeente is, maar innerlik was hulle dood. Hulle het die uiterlike skyn van godsdiens gehad, maar hulle het nie die krag van die godsdiens geken nie (2 Tim 3:5). En juis aan hulle maak Jesus Hom bekend as dié Een wat die sewe Geeste van God het. Die Heilige Gees het op Christus neergedaal en bly permanent op Hom (Joh 1:33). Christus is op hierdie oomblik in 'n staat van verheerliking in die hemel, en van daar af is Hy werkzaam in sy kerk – dus ook in sy kerk in Sardis. In hierdie sterwende gemeente wil Christus deur die werk van sy Heilige Gees weer lewe bring. In Titus 3:5 skryf Paulus: “Die Heilige Gees (gee) nuwe lewe.”

Van nature is elke mens as gevolg van sy sonde dood – liggaamlik en geestelike gedoem tot die ewige dood van die hel. Maar nou is die Here Jesus jou só genadig dat Hy jou uit jou sondedood opwek deur die werk van sy Heilige Gees. Hy wederbaar jou deur sy Heilige Gees. Hy maak van jou 'n nuwe mens. Ook jý wat glo, het die Heilige Gees (2 Kor 4:13). Romeine 6:11: “Julle moet dus altyd onthou dat ook julle vir die sonde dood is, maar vir God lewe, omdat julle een is met Christus Jesus.” Dink altyd aan wie jy is: Jy was dood vanweë jou sonde, maar jy *is* lewend gemaak deur Jesus Christus wat deur sy Heilige Gees in jou kom werk het. En daarom moet jy elke dag lewe volgens wat Christus jou gemaak het. Jy moet die sonde haat en daarvan wegvlug, en gehoorsaam aan Hom lewe. Jy moet jou laat lei deur sy Heilige Gees wat in jou woon. En jy moet dit doen in elke faset van jou lewe soos Hy dit in sy Woord vir jou uitspel. Het jy die Here al gevra om jou vandag tree vir tree deur sy Heilige Gees te lei? Hy sál jou verseker lei. Luister as Hy met jou in sy Woord praat!

*Sing: Psalm 48:1,4*

*Dr AH Grové (Klerksdorp-Noord)*